**Donderdag 11 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:30-40; HK Sondag 6, Vraag 19**
**Fokusgedeelte: Johannes 5:39**

## Die hele Skrif is die heilige evangelie

In Vraag en Antwoord 18 bely ons dat ons Here Jesus Christus ons Middelaar en Verlosser is. Op grond van wie se getuienis bely ons dit? Is dit slegs op grond van die getuienis van bepaalde mense? Nee, dit is op grond van God se eie getuienis wat Hy in sy Woord aan ons gee, want "die hele Skrif is deur God geïnspireer ..." (2 Tim. 3:16).

Wat opvallend is, is dat ons belydenis die Bybel as geheel hier die heilige *evangelie* noem. In die reël verstaan ons onder die evangelie slegs dit wat Matteus, Markus, Lukas en Johannes oor Christus geskryf het. Daarom praat ons ook van die vier Evangelies, of meer korrek: die vier beskrywings van die evangelie. Tereg word hier egter van die hele Bybel as evangelie gepraat, omdat die hele Bybel van Christus getuig (Luk. 24:27; Rom. 1:2). Daar is nie 'n enkele bladsy in die Skrif waar ons Christus nie vind nie. As daar nie uitdruklik van Hom of oor Hom gepraat word nie, dan word daar op een of ander wyse profeties of sinnebeeldig of in die voortgang van die openbaring van God na Hom heengewys. Christus het Self ook verklaar dat die Skrif na Hom heenwys, want Hy het aan die Fariseërs gesê: *"Julle ondersoek die Skrif omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat van My getuig"* (Joh. 5:39). Ook in die gedeeltes waarvolgens Israel vermaan of gestraf is vir hulle sondes, het ons met die evangelie te doen. Daardeur wou die Here Israel leer om Hom te gehoorsaam en op Hom te vertrou vir die verlossing wat Hy vir hulle sou bewerk deur die Verlosser wat Hy beloof het en wat op die regte tyd sou kom.

Natuurlik word daar nie oral in die Skrif ewe duidelik van Christus gepraat of na Hom verwys nie. Dit is egter asof die getuienis oor Christus al hoe duideliker word namate sy koms naderkom. As 'n mens die Ou Testament van die begin af lees, is dit asof jy uit die skemerte die lig steeds meer tegemoet gaan totdat jy, as jy oor die drumpel van die Nuwe Testament gaan, in die helder lig van Christus as die Son van geregtigheid staan.

Ons kan dit ook so stel dat die evangelie van Christus aan die begin van die Ou Testament soos 'n blomknop is wat nog toe is. Hoe verder die geskiedenis van die volk van God vorder, hoe meer gaan die blom oop totdat dit met die koms van Christus in al sy skoonheid en heerlikheid oopgaan.

Hierdie blomknop van die evangelie van Christus vind ons reeds op die eerste bladsye van die Bybel in die moederbelofe in Genesis 3:15.